

## Van verontreiniging tot reiniging



---

### SABBATMIDDAG

#### Skrifverwysings vir hierdie week se studie:

*Daniël 8 en hfst. 2:38, Genesis 11:4, Levitikus 16, Hebreërs 9:23-28.*

#### Geheueteks:

“En hy het vir my gesê: Tweeuisend-driehonderd aande en môres, dan sal die heiligdom in sy regte staat herstel word” (*Daniël 8:14, OAB*).

**D**ie gesig (of visioen) wat in Daniël 8 opgeteken is, het die profeet in 548/547 v.C. ontvang, en verskaf bykomende en beduidende inligting oor die oordeel wat in Daniël 7 genoem word. In teenstelling met die visioene in Daniël 2 en 7, laat dié in hoofstuk 8 Babilon uit. Dit begin by Medo-Persië, aangesien Babilon in daardie stadium begin te kwyn het en die Perse op die punt was om Babilon as die volgende wêreldmag te vervang. Die visioen in hoofstuk 8 loop parallel met dié in hoofstuk 7. Die taalgebruik en simbole verander egter in Daniël 8, want hier kom die reiniging van die hemelse heiligdom en hoe dit met die hemelse Versoendag verband hou, onder die loep. Daniël 8 se onderskeidelike bydrae is die fokus op aspekte van die hemelse heiligdom. Terwyl Daniël 7 die hemelse hof toon en hoedat die Seun van die mens die koningskap ontvang, vestig Daniël 8 die leser se aandag op die reiniging van die hemelse heiligdom. Soos dit uit die ooreenkomste tussen dié twee hoofstukke blyk, stem die reiniging van die hemelse heiligdom in Daniël 8 ooreen met die oordeel wat in Daniël 7 uitgebeeld word.

*\*Bestudeer hierdie week se les as voorbereiding vir Sabbat, 29 Februarie.*

## Die skaap- en die bokram

**Lees Daniël 8. Waaroor gaan hierdie visioen en watter ooreenkomste toon dit met dit wat ons in Daniël 2 en 7 gesien het?**

---

---

---

Net soos Daniël 2 en 7 het ons hier 'n visioen oor die opkoms en val van wêreldryke, hoewel die simboliek anders is. Dié keer hou die simbole regstreekse verband met God se heiligdom. Dit het 'n bokram en 'n skaapram, en word gebruik omdat dit met die Versoendag-tabernakelrituele te make het; 'n tyd van oordeel vir Israel van ouds word aangetoon. Neem in ag dat bok- en skaapramme as offerdiere in die destydse heiligdomsdienste gebruik is. Tog word hulle slegs op die groot Versoendag tesame genoem. Duidelik is die twee offerdiere doelbewus gekies, ten einde die leser se aandag op die Versoendag te vestig wat die hooftema in die Daniël 8-visioen is.

Tydens die visioen sien Daniël 'n skaapram wat in drie windrigtings met die horings stoot: wes-, noord- en suidwaarts (*Dan. 8:4*). Hierdie drieledige beweging dui op 'n uitbreiding van sy mag: “Geen dier was teen hom opgewasse nie. Niemand was in staat om iemand uit sy mag te red nie. Hy het gemaak wat hy wil en het baie magtig geword” (*Dan. 8:4, NAB*). Soos die engel later verduidelik, versinnebeeld die skaapram met die twee horings die Medo-Persiese Ryk (*Dan. 8:20*). Die drie windrigtings dui moontlik op letterlike gebeure, te wete die drie groot militêre oorwinnings wat dié moondheid behaal het.

Toe verskyn daar 'n bokram met 'n groot horing, wat die Griekse Ryk onder aanvoer van Aleksander die Grote simboliseer (*Dan. 8:21*). Let op die feit dat hy “so vinnig oor die aarde beweeg dat hy nie grond raak nie” (*Dan. 8:5, NAB*). Dit dui op die geweldige spoed waarmee Aleksander ander wêrelddele ingepalm het, 'n spoed wat in Daniël 7 deur 'n gevleuelde luiperd uitgebeeld word. Tog behou dit nie daardie momentum nie, want “op die hoogtepunt van sy mag is sy groot horing afgebreek” soos Daniel tereg aandui (hfst. 8:8, NAB). Op die plek waar dit afgebreek het, kom vier horings uit, wat na die vier windstreke wys. Hierdie profesie is vervul met die dood van Aleksander die Grote in Babilon in Junie 323 v.C. op die ouderdom van 33, waarna sy koninkryk onder sy vier generaals verdeel is.

**In Daniël 2:38 en Daniël 8:20 en 21 word drie van die visioene se vier ryke by die naam genoem. Hoe help hierdie verstommende feite ons om al die onderskeie profesieë akkuraat uit te lê?**

## Die opkoms van die klein horinkie

**Lees Daniël 8:8-12 noukeurig deur. In watter rigtings beweeg hierdie klein horinkie, en waarom is dit so belangrik dat 'n mens dit verstaan?**

---

---

---

Na die uitbeelding van die vier horings wat in die vier windrigtings wys, sê die Ou Vertaling dat 'n horinkie “uit een van dié” uitgekom het. Dit laat 'n mens wonder: het dit uit een van die vier horings gegroei – die horings wat op die vier generaals van Aleksander dui, soos ons gister gesien het – of vanuit een van die vier windstreke (let hier ook op die Afrikaanse voorsetselgebruik). Die grammatikale struktuur in die brontaal dui egter daarop dat hierdie horinkie vanuit 'n bepaalde windrigting gekom het (en verskil dus van die NAB, NLV en ABA se vertolkings). En aangesien hierdie mag eers na die Griekse Ryk en sy vier uitvloeisels te voorskyn gekom het, word algemeen aanvaar dat hierdie horinkie Rome is – die heidense Ryk gevolg deur godsdienstige Rome. “Die klein horinkie versinnebeeld Rome in beide sy heidense en pouslike fase. Eers het Daniël vir Rome in sy heidense, imperiale fase gesien, toe dit oorlog teen die Jode en die vroeg-Christelike kerk gevoer het. Daarna sien die profeet dit in sy pouslike fase, en daarna, reg tot by die hede en tot in die toekoms” (die *Seventh-day Adventist Bible Commentary*, vol. 4, bl. 841). Volgens die skrifgedeelte het die nuwe horinkie eers 'n horisontale uitbreiding ondergaan en “het baie groot geword na die suide en na die ooste en na die Pragtige Land toe” (*Dan. 8:9, OAB*). Hierdie drie rigtings stem ooreen met die drie prominente wêrelddele wat onder die heerskappy van heidense Rome gekom het. Met die horing wat algaande die sentrale figuur in die visioen word, ontvang sy vertikale uitbreiding ook aandag. In dié opsig stem die horing ooreen met die klein horinkie in Daniël 7, soos dit blyk uit die volgende vergelyking: (1) Beide horings is eers klein (*Dan. 7:8 en hfst. 8:9*). (2) Beide neem toe in grootte (*Dan. 7:20 en hfst. 8:9*). (3) Beide is vervolgende moondhede (*Dan. 7:21 en 25, en hfst. 8:10 en 24*). (4) Beide is selfverheffend en godslasterlik (*Dan. 7:8, 20 en 25; hfst. 8:10, 11 en 25*). (5) Beide teiken die kinders van die Here (*Dan. 7:25 en hfst. 8:24*). (6) Beide het bepaalde aspekte van hul doen en late wat binne 'n profetiese raamwerk uiteengesit word (*Dan. 7:25, hfst. 8:13 en 14*). (7) Beide strek tot aan die einde van tyd (*Dan. 7:25 en 26, hfst. 8:17 en 19*). (8) Voorts staar beide uitwissing deur 'n bonatuurlike mag in die gesig (*Dan. 7:11 en 26, hfst. 8:25*). Aangesien die klein horinkie in Daniël 7 op die pousdom dui, maak dit sin dat die vertikale uitbreiding van die horinkie in Daniël 8 op dieselfde mag dui. Net soos Daniël 2 en 7 toon, is die laaste wêreldmag Rome in sy heidense en pouslike gestalte.

## Die heiligdom word aangeval

**Lees Daniël 8:10-12. Let op al die werkwoorde in hierdie skrifgedeelte. Op watter handeling kom dit neer, m.a.w. wat doen die klein horinkie hier?**

In Daniël 8:10, probeer die klein horinkie om in 'n geestelike sin die bouers van Babel na te boots (*Gen. 11:4*). Die terme “leër/leërmag” en “sterre” kan op Israel van ouds dui. Let byvoorbeeld op die sinsnede “die leërskaar van die Here” in die Ou Testament, verwysende na die volk (*Eks. 12:41, OAB*). Voorts sê Daniël dat God se getroue kinders “glinster... soos die sterre” (*Dan. 12:3, OAB*). In Daniël 8:10-12 het ons dus nie 'n letterlike aanval op hemelliggame nie. Nee, dit is 'n vervolging van die kinders van die Here, dié wie se “burgerskap... in die hemele is” (*Fil. 3:20; OAB, werkwoord geskuiwe*). Hoewel derduisende Christene deur heidense keisers vermoor is, val die soeklig hier op die klein horinkie se vertikale aktiwiteite. Die uiteindelijke vervulling van hierdie profesie het bes moontlik met pouslike Rome te make, en die vervolging wat deur die eeue heen uit hierdie geleedere voortgevloei het. Daniël 8:11 praat ook van 'n “Vors” wat elders in Daniël “'n Gesalfde, 'n Vors” (*Dan. 9:25, OAB*), “julle vors Migael” (*Dan. 10:21, OAB*), en “Migael, die groot vors” (*Dan. 12:1, OAB*) genoem word. Dit kan tog na niemand anders as Jesus Christus verwys nie. Wat meer is, Jesus is die Vors “van die leërmag,” van die leër waarvan ons in die vorige paragraaf gepraat het. Dit is die Vors wat ons hemelse Hoëpriester is. Hieruit lei 'n mens af dat die pousdom en die godsdienstige stelsel wat dit simboliseer, Jesus se priesterlike rol onsigbaar wil stel en dit met hul eie fop-middelaarskap probeer vervang. Die “voortdurende offerhande” (oftewel die “daaglikse offer”) wat in Daniël 8:11 plaasvind, hou verband met die aardse heiligdomstelsel, en dui op die onderskeie en voortgesette aspekte van die seremoniële dienste – insluitende die offers en bemiddeling wat daarin geskied. Dit is deur hierdie dienste dat vergifnis en uitdelging van sonde in die heiligdom geskied. Die aardse stelsel simboliseer dus Christus se middelaarsbediening in die hemelse heiligdom. In hierdie profesie sien ons hoe die pousdom Christus se bemiddeling met dié van priesters vervang. Dit is deur hierdie valse vorm van aanbidding dat die klein horinkie Christus se middelaarsbediening wegneem, en figuurlik gesproke die heiligdom van Christus afbreek. “Dit het die waarheid op die grond neergewerp en in sy optrede voorspoed gehad” (*Dan. 8:12, OAB*). Onthou net, Jesus het gesê dat Hy die waarheid is (*Joh. 14:6*). Hy het ook op die Woord van God as die waarheid gewys (*Joh. 17:17*). Daarenteen het die pousdom die vertaling van die Bybel in die destydse gebruikstale verbied, die uitleg van die Woord onder kerklike gesag geplaas, en mensgemaakte tradisie op gelyke vlak met die Bybel gebring en dit tot geloofsreël verhef.

**In vandag se oordenking word die waarheid teenoor mensgemaakte tradisies gestel. Wat sê dit vir 'n mens oor hoe kosbaar en belangrik 'n deeglike kennis van bybelwaarheid is?**

## Die reiniging van die heiligdom

**Lees Daniël 8:14. Wat gebeur hier?**

---

---

---

---

Na die horing se verwoestende aanval kom die aankondiging dat die heiligdom gereinig gaan word. Ten einde hierdie boodskap te verstaan, moet 'n mens eers beseft dat die reiniging van die heiligdom waarvan Daniël 8:14 praat, ooreenstem met die oordeel wat in Daniël 7:9-14 uitgebeeld word. En aangesien die oordeel in die hemel plaasvind, moet die heiligdom ook daar wees. Met ander woorde, terwyl Daniël 7 God se ingryping in, en betrokkenheid by, die mens vanuit 'n geregtelike perspektief bekyk, beskryf Daniël 8 dieselfde dinge, maar dié keer met die heiligdom as invalshoek. Die aardse heiligdom is 'n afskynsel van die hemelse en beeld die verlossingsplan in breë trekke uit. Destyds het sondaars hul offers na die tabernakel (en later na die geboude tempel) gebring, waar die boetvaardiges vir hul sondes vergewe is, deur die seremoniële oordrag van daardie sonde na die tabernakel. So is God se woonplek op aarde deur sonde verontreinig (besmet), met die gevolg dat dit gereeld 'n skoonmaakproses moes ondergaan, ten einde die heiligdom van al die sonde wat daar bely is, te reinig. Dit was 'n spesiale seremonie bekend as die Versoending (of selfs die groot Versoending), en het eenmaal per jaar plaasgevind (*lees Levitikus 16*).

Die vraag is net: waarom moet die hemelse heiligdom ook gereinig word? Hierdeur kan verduidelik word dat die belyde sondes van diegene wat Christus as Heer en Heiland aanvaar het, na die hemelse heiligdom oorgedra word, en dat dit soortgelyk aan die oordra van die boetvaardige Israëliete se sondes na die aardse heiligdom is. Etlike offerdiere is tydens die Versoending van ouds geslag, wat inderwaarheid op die dood van Jesus vooruitgewys het, 'n seremoniële gebaar wat sondaars in die groot Versoending – 'n dag van Goddelike oordeel – staande gehou het. As die aardse heiligdom dan op die aarde Versoending gereinig is, hoeveel te meer in die hemelse, met die bloed van Christus alleen, wat ons in die hemelse oordeel staande hou? Die reiniging van die heiligdom soos dit in Daniël 8:14 uitgebeeld word, is die hemelse teenbeeld van die aardse tabernakeldiens. Wat is die hoofsaak hier? Dat ons as sondaars behoefte aan die reinigende bloed van Christus het, daardie bloed wat vir ons vergifnis van sonde bring en wat ons in die oordeel staande hou.

**Lees Hebreërs 9:23-28. Hoe toon hierdie skrifgedeelte die verlossing wat ons deur Jesus, en sy soendood ten gunste van die mens, ontvang het?**

## Die profetiese tydrooster

**Lees Daniël 8:13. Wat is die vraag wat hier gestel word, en hoe help dit 'n mens om die antwoord in die volgende vers te verstaan?**

---

---

Op watter tydstip tree die 2,300 aande en môres in werking? Let eerstens op die feit dat die profeet se visioen in Daniël 8:13 verander. Eers het hy die skaap- en bokram gesien, gevolg deur die dade van die klein horinkie asook die skade wat dit aangerig het, maar dan verander die visioen in 'n vraag. Dié vraag het veral te make met die dinge wat na afloop van daardie profetiese tydperk gaan gebeur, en nie met die dinge wat daartydens gebeur nie. Daarbenewens kan die vermelde profetiese tydperk (wat voor die vraag kom) nie net tot die tydsduur van die klein horinkie se handelinge beperk word nie, aangesien die term gesig (of visioen) alle gebeure vanaf die skaapram tot by die optrede van die klein horinkie insluit. Die profetiese periode wat die vraag voorafgaan, is derhalwe 'n baie lang tydperk binne die geskiedenis. “Hoe lank sal die gesig duur?” – d.w.s. hoe lank sal die tydvakke van die skaapram (Medo-Persië), die bokram (Griekeland), en die klein horinkie en sy optrede (heidense sowel as die daaropvolgende pouslike Rome) duur? 'n Ander hemelwese beantwoord dit deur te sê: “Tweeduusend-driehonderd aande en môres, dan sal die heiligdom in sy regte staat herstel word” (*Dan. 8:14, OAB*). Soos ons reeds aangedui het, is hierdie 'n baie lang tydperk omdat dit in die tyd van die Medo-Persiese Ryk begin, en daarna eers deur die Griekse Ryk, en dan deur heidense en pouslike Rome opgevolg word – m.a.w. 'n tydperk wat oor duisende jare strek. Volgens die historisistiese uitlegmetode (wat ons in Les 1 bekyk het), behoort hierdie profetiese tydperk aan die hand van die jaar-dag beginsel bereken te word. Met ander woorde, die 2,300 aande en môres is inderwaarheid 'n tydperk van 2,300 jaar. Indien 'n mens dit as 2,300 dae sou sien, sou dit op net oor die ses jaar neerkom, wat nie naasteby genoeg sou wees vir al die geprofeteerde gebeure om te ontvou nie. Die jaar-dag beginsel geld dus duidelik hier. Daniël 8 verskaf natuurlik nie die nodige inligting om die begin van hierdie tydperk te bereken nie, waarmee ons dus ook die einde daarvan sou kon bereken. Gelukkig bied hoofstuk 9 daardie allerbelangrike ontbrekende deel (wat ons in volgende week se les sal bekyk).

**Die feit dat hierdie profesie oor duisende jare strek, maak dit die langste tydprofesie in die Bybel. Stel jou dit voor: 2,300 jaar! Dit is vreeslik lank in vergelyking met die lewensduur van 'n mens. Hoe kan hierdie kontras ons help om meer geduldig met God betreffende sy tydsberekening vir die langverwagte eindtydgebure te wees?**

## Vir verdere studie:

Hier is 'n getabelleerde opsomming van die opeenvolgende koninkryke wat in Daniël 2 en 7 en 8 uitgebeeld word, dié wat ons tot dusver bestudeer het. Wat sê dit vir ons oor die reiniging van die hemelse heiligdom?

Daniël 2	Daniël 7	Daniël 8
Babilon	Babilon	-----
Medo-Persië	Medo-Persië	Medo-Persië
Griekeland	Griekeland	Griekeland
Heidense Rome	Heidense Rome	Heidense Rome
Pouslike Rome	Pouslike Rome	Pouslike Rome
-----	Hemelse oordeel	Heiligdom word gereinig
Wederkoms [Klip wat losraak sonder toedoen van 'n mens]	Wederkoms [Heiliges beërwe die koninkryk]	Wederkoms [Vernietiging sonder die toedoen van 'n mens]

Soos ons hier sien, is daar ooreenkomste tussen hierdie hoofstukke. Dit is egter nie net die nasies daarin wat ooreenstem nie. Die oordeel in Daniël 7, wat op die 1,260 jaar-tydperk van pouslike Rome (van 538 tot 1798 n.C.) volg, loop parallel met die reiniging van die heiligdom. Laasgenoemde volg ook in Daniël 8 op Rome. In 'n neutedop: hierdie hemelse oordeel in Daniël 7 – 'n oordeel wat tot die voleinding van die wêreld lei – is dieselfde as die reiniging van die heiligdom wat in Daniël 8 beskryf word. Hier het ons twee verskillende uitbeeldings van dieselfde gebeurtenis, en beide vind na afloop van die 1,260-jaar-tydperk plaas waartydens die kleinhorinkie-mag hom opsigself aan vervolging skuldig maak.

## Vrae vir bespreking:

1. Hoe toon die boonste tabel dat die reiniging van die heiligdom (wat dieselfde gebeurtenis as die oordeel in Daniël 7 is), eers na afloop van die 1,260 jaar-lange kleinhorinkie-profesie, maar weliswaar voor die vestiging van die laaste koninkryk – God se ewige koninkryk – plaasvind?
2. Die profesie in Daniël 8 skets historiese gebeure wat duidelik die ene geweld en boosheid is. Die twee diere wat op twee antieke wêreldryke dui, takel byvoorbeeld mekaar (*Dan. 8:8-12*). Die kleinhorinkie-mag wat na hulle kom, is boonop 'n gewelddadige, vervolgende mag (*Dan. 8:23-25*). Die Skrif probeer dus nie die realiteit van menslike lyding wegpraat nie. Hoe help dit 'n mens om op die Here te leer vertrou en op sy goedheid staat te maak, en dit te midde van die tasbare boosheid waarin ons ons bevind?